

Repatriasie van die
Boere - in - Chubout.

deur.
Francis D. Conradie.

Com. Rivadavia

2 de Julie 1935.

Kopie. Reg.

R E P A T R I A S I E.

Wat is die betekenis van die woord Repatriasie? Dat daar 'n verkeerde betekenis aan gegee word deur sommige mense is vir my duidelik geword sedert ^{die} veel besproke onderwerp in die lewe geroep is in of omtrent 1928 of 1929, toe die Afrikaners hier met mag en geweld van hier wou weg terug naar Suid-Afrika, maar daarin gedwarsboom is deur sekere persone en ook liggame, waarvan die Gereformeerde Kerk die voornaamste was soos ek sal probeer aantoon hierinlater-só sê die wetsgeleerdes!

Repatriasie geskied nie deur die persoon of persone nie die teruggaan naar hul vaderland, maar 'n persoon word gerepatriëer deur iemand anders, hetsy 'n persoon of liggaam of Regering. Die bewering dus aangevoerd deur Ds. van Huyssteen dat die Repatriasiebeweging 'n geleidelike ontwikkeling had is onjuis.

In sy Brosjyre sê die Dominé:—"Die hele affêre het daar ver begin en nie soos 'n paddastoel opgespring nie". (bls 71) "Die geboorte van die repatriasiebewéging het dus nie soos die blits uit die lug plaasgevind op ontvangs van bemoedigende ^{briewe} uit die vaderland nie". (bls. 76). Dat daar altyd mense was die gehunker het om terug te keer / naar Suid-Afrika word bewys deur die feit dat ettekikke famielies en ook persone van hier weg is terug naar Afrika toe, maar dié terugkeer is geen "Repatriasie" nie, want as dit ook repatriasie is dan het woorde geen beteke is nie. Aangesien ek 27 jaar hier in die Kolonie is en ook weet wat hier gebeur het aangaande terugkeer naar S.-Afrika sal dit moet toegegee word dat ek iets meer weet van die Repatriasie dan Ds. van Huyssteen, destemeer, omdat die korrespondensies ^{aan my} in verband daarmee grootliks deur my hande gegaan het, en selfs die briewe wat deur die Dominé aangehaal word was gedeelte-deur my opgestel, veral die brief van die 4de Maart 1930, aanghaald op bls. 74, is deur ^{my} opgestel en die afskrift in my Memorandum Boek lê nou hier voor my. Die eerste sin van die brief weerspreek Ds. V. Huyssteen se bewering—"Die Petiesie aan die H. Ed. Regering van die Unie van Suid-Afrika en die daaruit gebore hoop van repatriasie het tot dusver..ens.ens!" (Ek kursiveer F.D.C). Maar ek kom weer terug op hierdié punt en het dit slegs hier ingebring vir opheldering.

Die feit is dat daar baie van ons mense vandag nog hier is die gesmag het om hier weg te kom maar kon nog nie beskik oor voldoende fondse nie (die skrywer hiervan is één van hulle sedert 1908, net 9 maande ná sy aankoms hier!) maar die woord "Repatriasie" is hier nooit gebesig of gehoor nie vóór die eerste brief van Min. Grobler aan M.C. Eloff hier ontvang en getoon is aan elkeen die dit wou lees! Ongelukkig vir Ds. van Huyssteen het hy hierdié brief nooit gesien nie; dit was in my besit.

Voordat ek verder gaan met hierdie werk verwys ek na die.....Bylaag A. wat van uiters belang is en sal aantoon dat selfs sover terug as 1910 die Afrikaners hier ~~was~~ al met finansiële moeilikhede te kamp had en hulle, by wyse van 'n Petiesie, na die Argentynse Regering gewend het sonder die allermiste resultaat, en verder dat ~~was~~ die gevolge wat later die lot van die Afrikaner hier geword het toe al aan die Regering voor-
spel was, maar het op dowe ore geval!

Omtyd te spaar sal ek nou hier laat volg die inhoud van 'n artikel wat ek in 1931 aan Die Kerkbode gestuur het, in verband met Repatriasie.

Die Artikel.

Hierdie onderwerp speel vandag nog onder ons Afrikaners hier die hoofrol. Die verwagting, die hoop, ja, die bede huisves by baie dat deur tussenkoms van die Moederkerk in Suid-Afrika, met behulp van die Unie Regering, die Repatriasie verwesenlik sal word.

Nou, aangesien dit só is, en aangesien daar in Die Kerkbode van 5 November 1930, pag. 853, 'n verslag voorkom van die A.A. Kommissie wat handelend optree, en inligting vra op sekere punte, word hier nou Census-lyste opge-
maak met volledige besonderhede en sal binnekort aan die A.A.K gestuur word, endan sal daar 'n onangename verrassing wees aangaande die Afri-
kaanse Uitgewekenes hier betreffende die finansiële aangeleenthede.

Hieroor wil ek in hierdie stuk totaal swyë--die Census-vorms sal spreek. Egter, in die Transvaalse Deel van Die Kerkbode van 12 Desember 1930, pag. 1109, word die Repatriasie onderwerp weer opgebring en dit is veral in verband met die inhoud daarvan waarmee ek my gaan besig hou.

Niemand sal ontken nie dat dit 'n baie belangrike onderwerp is en dat die uitvoering groot onkoste en opoffering in die lewe sal roep, gevolglik wil ek sommige FEITE plaas onder die kontol van die Hollandse Kerke en die Regering van Suid-Afrika. Feite wat, soos ek hoop die oë van ons Kerk veral en van ons landgenote in die algemeen sal wyd ope maak! Ek ^{werk} op persoonlike kennis en op vertrouwbare informasie uit eerste hand; en soos ek meen wat aan almal bekend is hier.

Die Transvaalse Korrespondent raak die volgende punte aan:-

1. "Veertig huisgesinne het aansoek gedoen by ons Regering om te sorg vir hulle repatriasie na Suid-Afrika"
2. "Waarskynlik het die berig van die Angola-Boere..... hulle moed gegee om self op repatriasie te hoop".
3. "Die Kerk sou graag wil weet..... wat die toestand van die Petisi-
onrisse is."
4. "Sou hulle in die Unie nog kan gelukkig wees ná 'n afwesigheid van dertig jaar?"

My antwoord hierop is so kort moontlik:-

1. Hier is misverstand. Die Petiesie het 110 naamtekenings bevat, waarvan 76 hoofde van famielies (2 weduwees) was en die res enkele persone. Die ondertekenaars het 482 siele verteenwoordig.
2. Die hulp wat aan die Angola-Boere verskaf werd was die sterkste steunpilaar waarop ons gebou het en nou nog bou. Waarom dan die onderskeid gemmak?

(3. Hierdié punt het ek nie behandel nie want m.i. behoort die Kerk wel deeglik te weet wat die toestand was aangesien daar geduriglik Leraars hier was van af 1925, en veral Ds. Wasserfall die tenvolle op hoogte van sake was, maar skynbaar nie deur die ^{KERK} vertrou was nie--nie op hierdié punt nie--daarom werd daar later ander Predikante gestuur om OOK ONDERSOEK in te stel, terwyl hulle kon gaan leer het by Ds. Wasserfall wat die toestand van die Petisionarisse was. F.D.C.)

4. Sal ons gelukkig voel in Suid-Afrika? Nou waarom dan nie? Die Angola-Boere was meer dan 50 jaar in Portugeesgebied en ons is maar iets oor die 27 jaar hier. Buite die kinders die hier gebore is kan die meeste ou-mense die getroud hier gekom het nie Spaans praat nie. Hier is geen verbroedering nie--ek praat van die oorgrote meerderheid. Dat die veranderde ~~in Afrika~~ ~~vir~~ omstandighede vir ons vreemd sal wees spreek tog vanself. Maar die Geloof, Trudiesies, Taal en Vaderlandsliefde is seker by ons ouëshier sterker dan in Afrika. Die verandering van een plaas of omgéwing naar 'n ander is altyd moeilik, selfs onder die gunstigste omstandighede.

Vir die kinders en jongmense sal die verandering vreemd wees, maar 'n Afrikaner kan hom altyd skik en aanpas waar dit nodig is. Die jonggeslag is ook nog Afrikaners (al is hulle in die Argentynse stal gebore en dus internasionaal Argentynse perde. F.D.C.) ~~vir~~ ~~en~~ ~~die~~ ~~volwasse~~ ~~nes~~ ~~is~~ 100% 'n sukses sal wees bly altyd 'n ope vraagstuk--in alle lande, onder alle nasies!

(Ek sien nou eers dat ek wel punt drie(3) beantwoord het en die antwoord volg infra)

Sal ons gelukkig wees? Is die Engelse, Skotte en ander Europeane, of Eutopese immigrante gelukkig? ONS IS NOG ALGER BOERE! Ons sal regkom! Die meeste het nog bloedverwante daar in die ou Vaderland.

3. Wat is ons toestand hier? Die huidige toestand sal sonhelder straal uit die Census-papiere! Maar waarom is die Afrikaners in die toestand? Wat het dit veroorsaak? By wie lê die fout?

Vergun my nou om terug te gaan naar 1902 toe Louis Baumann van Bloemfontein hier geland het en laat die lesers, en veral ons Kerkvoormanne noukeurig lees en hul eië gevolgtrekking maak.

Wat volg is geen kritiek nie; ek blameer niemand nie; ek stel feite en noem konkrete gevalle en uit die feite moet die Kerk in Suid-Afrika hul eië opinies en besluite vorm. LET WEL!

Die NEDERSETTING.

A. Die Baumann Konsessie. Louis Baumann van Bloemfontein was in 1902 al hier en het die Konsessie vir 64 plase van 2500 hectareas elk gekry vir immigrante van Suid-Afrika.

1. Die kondiesies van die konsessie was:--Een peso (papier) per hectarea, betaalbaar in vyf jaar; persoonlike okkupasie en die Eed van getrouheid.

2. Vrye toekenning van $\frac{1}{4}$ (een-kwart) van die plaas ($\frac{1}{4}$ is 625 hectareas) en die okkupant moet 10 hecraareas bewerk en 'n seker getal bome plant.

- Hierdié plase werd meestal geokkupeer deur die immigrante uitgebring deur C.J.N.Visser in 1903 met die S.S.Cornwall, die getal was 96 siele almal Neder.Gereformeerdes.
- B.Die Visser Konsessie. In 1904/5 is hierdié Konsessie uitgegee ook vir Afrikaanse Immigrante maar die voorwaardes onder A.2.supra is verander en elke plaas sou kos één peso per hecraea vir die hele plaas en soos aan my meegedeeld die eed van getrouheid val ook weg. Die voornaamste voorwaarde van die Konsessies was 'n VRYE HAWE, geen invoerbelastings nie. In 1904/5 het die Visser-Venter Trek van 347, plus/minus siele hier geland.
- C. Ongeveer 2 of 3 jaar later is die koopsom verander tot vier pesos die hectarea .
- D. In 1907/8 is hierdié voorwaarde vervang deur 'n Regerings Besluit dat in Chubut geen fiskale grond sal verkoop word nie, maar dat huurkontrakte sal gegee word -dit was die belofte wat in 1931 nog nie nagekom is nie!
- E. In 1916 is Hipolito Irigoyen gekies tot President. Hy het kort daarná, (dit was in 1917 of 1918) 'n dekreet uitgevaardig waardeur al die vrye hawes, vir die Walliese-Kolonie en vir ^{die}Boere-Kolonie, aan die Suidkus gesluit werd, en invoerregte gehewe werd omdat, so het hy gese, volgens die landsnuusblaaie, hy bereken het daardeur TIEN MILJOEN (10,000,000) pesos in die landskas te kry. Die Dekreet is nog van krag vir uit-en invoer! Maar waar was nou die Konsessies van Baumann en van Visser in (1902 en 1904) nou in 1918??
- F. In 1928 ~~KAB~~ onder dieselfde Radikale Party, was hier 'n Kommissie om die "Pastaje" d.i. feitlik "wei-regte" in te vorder. Die boere (alle rasse) van Patagonië, die swakste en armste deel van Argentinië is die enigste die opbetaal het, tot selfs vir jare agteruit, onder dreigemente dat as dit nie gedoen word nie moet hulle af van die plase. Kragtens 'n Dekreet kon 50% kontant betaal word en die restant in 5 jaarlikse paaiemente met Promesses. Baie van die boere-okkupante moet nog die jaarlikse Promesses los, terwyl intussen die huur of wei-regte weer ophoop om eensklaps sonder kennisgewing opgeëis te word. Die Kwitansies bevat 'n kondiesie dat die Regering die reg reserveer, sonder opgaaf van redes, van 90 (negentig) daë kennisgewing om die plaas te ontruim sonder uitbetaling vir enige verbeterings wat moet bly, van welke aard ook. Hierdié Kommissie het belowe dat in 1929 die huurkontrakte vir 10 jaar, met reg van vernuwing vir nog 10 jaar, sou uitgereik word. Februarie 1931 wag nog op die vervulling van die belofte. Daar was ingevorderd, volgens vertrouwbare informasie oor die drie-kwart miljoen pesos en die groot meerderheid van ons Afrikaners moes geld leen om nie ontruim te word nie.
- G. Die stelsel om die wei-reg te bepaal is om die plase naar die draagkrag te waardeer, en dan betaal die okkupant vir soveel skape per kop. Eers was dit 10 centavos per kop, later onder die Irigoyen Regime was dit 50 p-kop, en nou is dit weer verminder. Die plaas word nog gewaardeer naar die draagkrag en dan stel die Regering die huurprys vas in aanmerking nemende die distansie van die spoorweg of die dorp. Die huur is hoog, dit werk

uit op ongeveer op dertig centavos per skaap. Chubut word geklassifiseer met baie beter noordelike Territorios soos Rio negro, Neuquen en die Pampa Central. Nou die Tietels of Transporte vir die Plase.

H. Hier is vandag ongeveer dertig Afrikaners die transporte het vir hul / grond en dié getal sluit in persone die van privaat eiënaars gekoop het. Die Regering het alle struikelblokke in die weg gelê om die transporte aan die okkupante uit tereik. Die koste vir agente en Advokate het opgeloopt tot \$1500.00m/n vir 'n transport wat die Regering moreel en juridies verplig was aan die okkupante ter hand te stel. Sommige die geokkupeer het onder die één peso stelsel moes vier pesos betaal, anderes het vandag nog nie transport nie waartoe hulle onder die konsessie geregtig toe is. Nog anderes is afgesit om winkeliers in Com.Rivadavia die voorkeur te gee.B.v.

X.1. P.H. het sy plaas geokkupeer van dā hy hier geland het, maar hy het ook die Eed van getrouheid geneem, en tog is hy afgesit en die grond is aan die firma Lahusen & Kie toegeken. Geen rede opgegee nie!

X.2.L.d.K. Is afgesit en die plaas is aan 'n winkelier, Menendez, toegeken. ~~000~~ Ook geen rede gegee nie! In albei gevalle was geen redes nie.

X.3.B.l.K. Het in 1907 sy koopsom betaal. 'n Paar jaar later het hy 'n aanskrywing van die Regering gekry dat as hy nie betaal nie dan sal hy ontruim word. Hy is toe naar Buenos Aires toe en daar sy saak bewys, alles was toe reg. Die man is later dood en vandag betaal sy seun huur! Die transport is nog in wording. Hierdié informasie het ek van een van die famielie ontvang. Dit is almal feite!

X.4. M.V. het in 1905 geokkupeer onder die één peso stelsel en was in besit nagenoeg 30 jaar. Ook het hy op eis van die Regering vier pesos per hec-tarea betaal-alles tesame sowat \$13.000.00m/n en 'n onvoorwaardelike kwitansie van koop gekry en het ook die eed geneem (Nadat die worstelling om die transport te kry hom meer as dertig duisend pesos in advokaats-fooie gekos het, het ^{hy} die grond verloor met al die geld wat die Regering ontvang het en vandag in 1935 het hy slegs die Eed van getrouheid om hom te troos!!!)

X.5.C. het applikasie gemaak vir 'n plaas in 1908, die Direkteur van Lande en Kolonies het C. skriftelik verlof gegee om te okkupeer wat gedaan is. Drie maande later is C. ontruim en die meneer Direkteur het ontken dat hy van soiets weet. C. het vandag nog al die dokumente en briewe.

Dit is die Regerings-sy van die Tafereel

Alles wat ons met dankbaarheid van die Argentynse Regering ontvang het!

Laat ons nou die Anderkant van die Tafereel bekyk en sien wat die Afrikaners die hierheen gekom het beteken het vir die Argentynse Republiek.

PATAGONIË, wat voorgehou is in Afrika, ^{as 'n Paradye} deur die aanvoerder van die twee trekke van naby die 500 Afrikaners, was deur Darwin genoem "Die Huikende Woestyn" en ook is dit bekend as "Die Grūms Woestyn" (C.f. Bylaag B. hierby vir 'n volledige beskrywing. F.D.C.) Die klimaat is ongunstig, met afwisselende droogtes en vernielende sneeu-storms (blizzards). Water is skaars en meestal sleg bestaande uit salpeter, sout en ander minerale dele. Vir land-

bou is Patagonië ondoelmatig omdat die aanhoudende weste-winde alles verniel. Vir skape is dit gesond maar die weiveld van 90% plase in die Boere Kolonie is swak. Die gemiddelde draagkrag van al die plase is noulik 750-- skape. Die uitstaande goeië plase is baie min, en kan 1500 tot 2000 skape jaar in en jaar uit dra; die slegte is nie werd om 'n pandok op te bou nie!

Vir byna 'n eeu lank het geen Argentyners die moed of die ondernemingsgees gehad nie om hier 'n boerdery aan die gang te sit of hier te kom woon.

Toe Louis Baumann en later die ander Afrikaners hier geland het was die wereld woest, wild en onbewoond. Dit was die Voortrekker-Afrikaner^s die hierdië woestyn bewoonbaar gemaak het. Dit was hulle deur wie die Argentynse Regering vandag 'n kolosale bate in Olie-myne besit. Deur die Afrikaner word die "Huilende Woestyn" vandag bewoon deur swakkere rasse. En dit alles het ~~ix~~ die Afrikaner-Voortrekker gedoen sonder die minste hulp, bemoediging, raad, finansiële ^{ander} of ondersteuning deur die Staat. Dis nodig om dit in die geheue te hou! As manne, vrouens en kinders hier onder dié benarde, ongunstige en teleurstellende omstandighede hul hoofde bo water kon hou vir 'n kwart eeu, waarom sal hulle nie goed wees as burgers in hul vaderland nie? met hulp, raad, tegniese advies en 'n vriendelik gesinde Regering? Elke boer is sy eië bediende, elke vrou haar eië meid! Arbeid in die breë sin bestaan hier nie; dis nie verkrybaar nie! Onlangs het ek nog op 'n geval afgekom waar die boer se skape afgeskeer word deur 'n swaër, 'n buurman, en 'n seun van 13 jaar oud en dié sehtjie kon sy dertig skape op 'n dag afskeer. Die vrou moes kos kook, huishou, en skape help inja in die skeerkraal! Dis geen uitsondering nie, dis algemeen. Het die Unie v.S.-Afrika ook baie sulke gevalle? Ek sou nog 'n hele reeks, met name daarby, kon noem maar dis nie nodig nie. Dat onder ongeveer 700 Afrikaners hier daar swakkes is, of selfs slegtes, is tog natuurlik! WAT het die Afrikaner buite en behalwe sy ondernemingsgees, moed en weerkrag teen ongunstige omstandighede hierheen gebring?

Laat ons Sien!

Kapitaal. In 1903 het die Visser-Trek hier geland. Hoeveel kontant deur hulle ingebring is kan nie met sekerheid gesê word nie. Dit word egter algemeen aangeneem dat net twee van dié Immigrante oor die £20,000stg. besit het.

In 1905/6 het die Visser-Venter Trek geland. Een van dié Immigrante het aan my vertel dat sekere Kol. Richardi, die saam met die Boere teen Engeland geveg^{h.c.} in die Tweede Vryheidsoorlog, die Immigrante behulpsaam was om hul wissels te verdiskonteer. Toe alles bymekaar getrek was het die totaal te staan gekom op £40,000stg en dit was uitgeslote dié van Mnr. M.M. Venter, vroeër Parlementslied van die Kaap- (dit word hier algemeen gesê dat hy £30,000stg had, of dit werklik sóveel was weet ek nie, maar hy had seker die grootste kapitaal van almal hier gebring). Maar die die syfers word algemeen geneem as juis, sodat die Immigrante ongetwyfeld 'n kapitaal van véer oor die Eén Miljoen Pesos die land ingebring het!!!

Patagonië. Die Immigrante is hier aan die wilde onbewoonde kus afgelaai en
aan

aan hulleself en die noodlot oorgelaat.

Baumann was die verteenwoordiger hier van die Landkantoor, en hy het die Immigrante gehelp en net \$15m/n gevra vir die uitskrywe van 'n telegram of brief wat naar die Regering moes gaan omtrent plase--dit was omtrent \$1:5:0stg! En van hierdie tyd af dagteken die explotasie van die arme Immigrante deur 'n paar persone die voorgehou was as leiërs van die Immigrante--en die plaaslike amptenare het nie agtergebly nie deur die verpestende stelsel van "omkoop" wat baie gou noodwendig deur sommige van die Immigrante ook uitgeoefen is!

Nooit het die Regering die Immigrante gehelp met maak van paaie, waterbore op die plase, aankoop van vee of die wat diesmeer sy nie! Daar was wel so 'n halfhartige hulp net by die begin maar dit was maar 'n rokende kerswiek, en die Boere moes sien om die mas op te kom en baie konnie deur gebrek aan kapitaal en 'n sekere woning in die toekoms.

Plase. Die beste plase lê aan die kus--die ooste hange van die Pampa naar die see-oever, in getal min of meer, 20 (twintig), wat alger die eerste opgeneem is. Die ander is meeste bo-op die Pampa geleë en het nie water nie, behalwe in sommige gevalle tot 'n diepte van 30 tot 40 meters, en meer, en is blootgesteld aan 'n sneeuval van soms 'n meter en meer. Dit was een van die grootste oorsake waarom baie van die Immigrante swerweling geword het--die plase was ondoelmatig sonder water en gevaarlik in die winter.

Soos gesê hierbo, het sommige van die Boere, die gela had, gou-gou die onheilige gewoonte van "omkoop" na-gëaap met die ^{gevolg} dat die man teen wie se beginsels dit was of nie geld had nie, buite die geveg gestel was.

Nog 'n gruwel wat onheilsaam gewerk het was die kontrakte wat in Afrika gesluit was tussen arme persone en 'n sekere persoon om plase hier te kom okkupeer om die helfte, met die gevolg dat gemelde persoon in 1908 en in 1909 sy houvas had op ongeveer 27 plase!

Sien daar dan 'n paar van die redes waarom so baie van die Boere nie grond het nie,--en dit alles buite in aanmerking nemende die houding van die Regering in sake Voorwaardes, Transporte en Versperrings!

Met die tyd het sterk Maatskappyë in die veld gekom en plase omhein waardeur die arme en enkele persoon onbeskermd deur die Regering nog verder in die ellende gedompel is.

Die Boere is beskuldig dat sommige van hulle gespekuleer het met hul plase--dis blote onsin as die saak van naby beskou word. Die eerst verkopings is in die lewe geroep deur Argentyners self, en later was die verteenwoordigers van die Regering ook oorsaak van die oorsit van regte van een persoon op die ander. Dié Verteenwoordigers van die Regering is uitsluitelik te blameer vir wat daar plaasgevind in die vorm van spekulasie--en hier lê die wortel van die kwaad!

Omheining. Toe die omheining van plase noodsaaklik geword het was daar geen hoop van hulp van Staatsweë nie; die Boere moes maar sien waar hulle die fondse kon kry met die gevolg dat hulle van toe af al in die hande van geldskieters, besigheidsmanne en "exploiteurs" geval het.

Verbeterings. Ná iets meer dan 'n kwart eeu sal enig onpartydige persoon verbaasd staan as hy sien die kolosale permanente verbeterings aangebring deur die Afrikaners op fiskale grond, waarvan eiëndomsreg net so twyfelagtig is as 'n vlug naar die maan! Daar bestaan geen twyfel nie dat sodanige verbeterings deur die hele Kolonie, insluitende die paaie, op 'n regverdige waardering v^{er} oor 'n miljoen pesos sal loop--tot voordeel van die Argentynse Regering, in bestaan gebring uit die kapitaal, arbeid en ondernemingsgees van die Afrikaners die nou nog boënop deur hul eië landgenote van hier, beskuldig word as luiaards en dronkenaards!! Dis 'n LASTER, 'n GRUWEL! Ek ontken nie dat daar wel sulkes is nie, maar hulle vorm die weinige uitsonderings!

Die Laaste 5 Jaar. Gedurende die laaste 5 jaar het die noodlot die mense getref! In 1925 is daar 'n gemiddelde van 50% skape omgekrom in die vreeslike sneeu-storm (blizzard) en meer dan "die nek gebreek! Toe het in 1928 die invordering van 5 jaar se wei-reg of pastaje gekom. En vandaar is die wolmark dood--tot vandag toe met sy 4 pesos (plus/minus) per 10 kilos wol. En nie één helpende hand om die mense te red nie! 'n Regering, absoluut onverskillig, staan van verre teenoor die lot van die Immigrante! Uitgesonderd in die geval van belastings en die invordering van huur-gelde vir die plase! Ek sou nog in fynere omstandighede kon ingaan, maar ek meen dis onnodig.

Die Laste. Ek wil slegs één geval noem hoe hard die Regering werk.

Langs die Rio Chico okkipeer 'n sekere L.V. 'n stuk grond wat al die jare leeg gelê het omdat dit so min beduidend was. In 1923 laat die Regering hom betaal vir die twee plase \$57.00m/n berekend teen 10 centavos per skaap, en \$0.40 centavos per stuk grootvee. Van toe af maak hy verbeterings as volg:-- Omheining, \$4500.00m/n; Gedeelte van sy pad, \$200.00m/n; Huis, \$1000.00m/n; Krake, \$300.00m/n; tesame \$6200.00m/n. In 1928 kom die Kommissie en die man moes toe betaal, vir 1924-1928, die som van \$1300.00m/n, wat uitwerk op \$130.00m/n per plaas. (Uitgelaat:-- Oopmaak van water, \$200.00m/n).

Gevolgtik is die bewering hier gaande, reg of verkeerd, dat die Regering die okkupante wei-reg of huur laat betaal ook op hul verbeterings aangebring! Dis maar één geval om syfers aan te gee, en dis onnodig om dieper in die ellende in te dring!

Diefstal. Poliesbeskerming ken die Boere nie. Diewe word nooit gevangnie; moordenaars selde gestraf. Mnr. C.J.N. Visser het 'n paar jaar gelede \$1000.00m/n beloning geadverteer vir enige informasie aangaande 600--skape wat in één klomp van hom gesteel was--hy wag nog op die resultaat. Ons mense klaë ook nie meer nie, dis tyd verkwisting. Beskerming van jou persoon en jou goed is 'n blote herseskim! Gedurende my verslag het in enige aanklag teen een van die sogenaamde Latynse ras! Al die gevalle waarvan ek persoonlik weet sou 'n boekdeel vorm. Maar laat ons nou maar afstap van boerdery, rowery en moordery, want die geskiedenis daarvan is tog te treurig vir die lydende party.

K E R K en O N D E R W Y S.

Godsdienst is vry in Argentinië en so is elementêre Onderwys wat verpligtend is tot Graad VI en bedoeld vir kinders van 6 tot 14 jaar.

Nóg die Neder.Geref.Kerk nóg die Geref.Kerk het daarin geslaag om één vierkant duim grond in Com.Rivadavia van die Regering vir Kerk of Skool te kry nie. Dit is 'n treurige en skandelige geskiedenis en hoe minder daaraan geraak hoe beter. Die waarde van beide kante, die Regering en die Immigrante, wat die een vir ander gedoen het of was kon nou in die weegskaal geredelik in die plaas word.

Alles in aanmerking geneem is dit tog nog tot eer van die Afrikaners dat daar so min inmenging of verbroedering was met die plaaslike Latynse ras. Egter, die gevaar in die toekoms vir ons kinders is groot, BALE GROOT, en 'n getroue ouër se hart krimp in van kommer en vrees wat van sy kinders en ~~kind~~ kleinkinders gaan word as hulle hier moet bly. (Ek verwys naar Bylaag)

Ek sal sluit met 'n paar aanhalings uit 'n onlangs gepubliseerde boek "Twenty-Five Years in South America" deur Biskop E.F. Every, D.D. van die Anglikaanse kerk. Dis 'n aller aanbevelingswaardige boek, sonder bitterheid, onpartydig en lesingswaard.

In die hoofstuk handelende oor "Moral and Religious Problems" sê hy op bls 58

"To sum up, a low sexual morality, dishonesty, lawlessness, cruelty to animals, gambling, all are contributory elements in the debased atmosphere which is unhappily a feature of Latin America."

Hy eindig die hoofstuk met die volgende paragraaf op bladsy 61:-

"Enough, however, has been said to show that the religious outlook is strange and difficult indeed, and that most of the religious and moral problems arise from the debased moral atmosphere which is both the cause and result of so much that is characteristic of South American Republics"

en die skrywer hiervan voeg nou daarby:- "and the small Dutch ~~minority~~ Protestant minority in Chubut is in deadly peril of total disintegration and ultimate extinction".

Biskop Every. Ek wil melde dat Biskop Every vir agt jaar sy kerk verteenwoordig het in die hele Suid Amerika, en vir die laaste 17 jaar in al die westelike Latynse Republieke. Hy is dus op hoogte van sake, sy opinie dra gewig en hy praat met gesag; hy is 'n man hoog gerespekteerd deur almal met wie hy in aanraking kom-ook deur ons Ned.Ger.Kerk verteenwoordigers.

VIR GOD. VIR VADERLAND. VIR KERK.

Com.Rivadavia, Februarie 1931

Ek meen dat die inhoud van hierdié stuk omtrent alles insluit wat nodig is om die toestand van die Afrikaners hier te verduidelik buite en behalwe wat Kerk en Onderwys betref. Wat eersgemelde aangaan laat ek weg hier want ons word bearbeid, maar in verband met die Onderwys Vraagstuk waarmee ons nou in 'n "cul de sac" beland het verwys ek naar die Rapporte aan die Inspekteur van Skole vir Chubut en die Smeekbrief naar Suid-Afrika, en bygaande briewe alles volledig uiteengesit in bygaande Bylaé C en D.

Met die oog op wat tot dusver uiteengesit is moet hier ^{ek} opmerk dat dit altyd beweer word dat die Landswette goed is en ek neem dit dadelik aan, maar dat hulle nie uitgevoer word nie is ook net so waar! Die toestand hier in die Kolonie kom neer op 'n soort van Krygswet stelsel-die persoon of persone handel naar persoonlike wense en neigings-gereguleerd deur gelaelike invloed. Wat Fiskale grond betref is die vernielende faktor te vind in die gewoonte om een Dekreet op die ander uit te vaardig vóórdat die bepalings van die laaste in werking getree het, met die onvermydelike gevolg dat daar altyd **ONSEKERHEID** is wat soos die "swaard van Damocles" hang oor die hoofde van die Boere die op Fiskale gronde woon. Die hele posisie kom eenvoudig hierop neer dat daar absoluut geen sekerheid is nie en wanneer jy in aanraking kom offisieel met ^{on} roerende eiendomme word die saak hopeloos. Die ou Romeine het in hul tyd ongetwyfeld ookal met sulke moelikhede te doen gehad vandaar die gesegde:-

"Ubi jus incertum, ibi jus nullum"

en dit is van toepassing hier in Patagonië. (Einde van Brief aan Die Kerkboorde).

Die Repatriasiebewéging.

Op folio I hiervan het ek melding gemaak van Ds. v. Hussteen se bewéring dat die Repatriasiebewéging in 1929 'n ou ding was wat lankal in die gedagtes van die Boere hier intrek geneem, gegroei en tot mondigheid gekom ^{het} in 1929 toe die Petisie opgetrek en getekend is. Wat was die feite? Daar was eers 'n TREK naar Kanada.

In 1926 teen die einde van dié jaar, toe Ds. Wasserfall ons sy eerste besoek gebring het was hier 'n klompie jongkerels, met Mr. M.C. Eloff aan die hoof hard van plan om naar Kanada te trek. Die plan was om Eloff volmag en opdrag te gee om "die kat eers uit die boom te gaan kyk" en dan rapport te maak, en vir die doel het Eloff my gevra om 'n Prokurasie uit te skrywe wat hom sou magtig om namens die anderes te handel. Hy het ook 'n brief gerig aan Min. Piet Grobler, die 'n famielie betrekking is van hom, en gevra vir 'n getuigskrift van Grobler en van Generaal Hertzog. Op die 7de Maart 1927 antwoord Min. Grobler van Kaapstad en stuur besonderhede van die immigrasie bepalings en verdere inligtings. Die eerste twee blaai is Bylaag E.

Ek weet nie wanneer Eloff dié brief hier ontvang het nie, maar op ontvangs daarvan het hy 'n Petisie opgetrek aan die Unie Regering, (Min. Grobler) en verklaar dat die ondergetekendes tevrede was met die Immigrasie Regulasies van die Unie en dit toe rond gestuur vir ondertekening. Die ontvangs van Min. Grobler se brief het hier 'n hele omwenteling in die trek planne veroorsaak en die Kanada trekgees het uitgesterwe.

In 1929, Desember, het P. Henning en Biggs dié Petisie van M. Eloff gekry by een van ons boere, Crous, in Sierra Cuadrada, met 17 naamtekenings daarop

'n TREK naar Pampa Central.

Sover as my bekend het Henning en Biggs niks met die Kanada-trek te doen gehad nie-ek het hulle nooit daarvan hoor praat as deelnemers nie. Maar intussen was die trekgees nog aan smoor-die mense wou uitkoms soek-dog daar was geen sprake van dat die Unie Regering ons mense sou repatriëer nie, en Biggs het aan my persoonlik verklaar dat trek naar S. Afrika totaal buite hul ge-

dagtes was omdat daar nie één onder hulle was die reiskoste van hier naar die Unie sou kon betaal nie en daarom het hulle probeer om meer "op land" te bly waardeur die reis kon geskied met vragmoters (camions) en dit was ingevolge hiervan dat Henning en Biggs toe 'n plan gekry het om naar Pampa Central te verhuis. Dit was naar die Pampa Central wat 27 famielies wou gaan en nie / naar Kanada soos beweerd deur Ds.v.Huyssteen nie (C.f.sy brosjure bls.75).

Gedurende hierdie tussenpose en 26ste Oktober 1929 (onthou die datum) was geduriglik private en semi-offisiële korrespondensies van hier met ~~xxx~~ mense in Suid-Afrika, soos hier beweerd was, ofskoon ek nie veel waarde daar aan heg nie. Dié semi-offisiële korrespondensies met Min.Grobler het begin deur 'n brief van P.Henning aan Min.Grobler dato 22 Oktober 1929 en die antwoord van daar dato 7 Desember '29, en ook 'n brief deur D.Biggs dato 15 November '29 en die antwoord van die minister dato 22 Januarie '30. Die briewe van Henning en Biggs het ^{ek} nie gesien nie maar die antwoorde daarop lê nou hier voor my. Lees die afskrifte hierby.....Bylaë F en G.

Die Pampa Central Trek het gesmoor gedurende 1928 en gedeelte 1929 en toe doodgeloop--waarom weet ek nie! Maar toe kom hier die berigte van die Angola-Boere Repatriasie!

Dit was in 1929, en die mense hier het eenvoudig van "hul kop geraak" toe hulle die verslaë gelees het en veral die fotos gesien het van die lang streep vragmoters waarmee die Unie Regering die Angola-Boere gaan haal het in Portugees Gebied en in Duits Wes afgelaai het! Toe was die vet in die vuur en algemeen deur het Afrikaners hier gevra:--"As die Unie Regering die Afrikaners uit Portugeesgebied gaan haal waarom sal dieselfde Regering nie vir ons ook help om hier weg te kom nie"? Die Angola-Boere Repatriasie was absoluut die

Ontstaan van die Repatriasiebeweging hier en van toe af is daar werk gemaak om HULP van die UNIE REGERING te kry m.a.w. OM GEREPATRIEER te word deur die UNIE REGERING! Ds van Huyssteen ontken dit in sy Brosjure maar hy was hopeloos verward in die Repatriasie-Feite-Drade! En hy had die onhoflikheid om my tot leuënaar te maak--waarop ek later sal reageer hierin. Die gevolge was dat Henning en Biggs toe 'n vergadering op in aanraking gekom het. "26ste van Oktober 1929"

belê het om die Petiesie op testel te Sleutelspoort, en my gevra het om daar te wees om dit te doen. Ongelukkig was ek siek en kon nie gaan nie en, ek / meen volgens mededéling, dat Mr.Loubser, een van ons onderwysers hier, toe die skrywer was by daardie geleentheid. Van daardie ^{gag} af was alle andere planne om naar elders uit te wyk op die doodboek geskrywe--dit was maar net die

Op bls.74 van één en die enigste Wagwoord--Repatriasie en ek glo vas dat daar vandag nog baie mense hier ^{is} die nie hoop opgegee het nie, en nou meer hulp verwag van die Kerk en die algemeen publiëk dan van die ryk en veel bedeelde Unie Regering. Laat ons 'n bietjie resumeer:--

1. Die Kanada Trek in 1926/7 deur 'n klein getal jongkerels en M.C.Eloff
2. Die Brief van Min.P.G.W.Grobler ongeveer April 1927 aan M-Eloff.
3. Die Petiesie deur M.Eloff wat in 1929 in Sierra Cuadrada gevind is.
4. Die Pampa Central Trek deur Henning en Biggs, gedurende 1928-1929 (sover as my bekend), deur en voor Grobler--die Alpe en die Drog.
5. Die Repatriasie van die Angola-Boere, met die fotos hier gesien in 1929.

6. Die Opstel van die Petiesie aan die Unie Regering op die 26ste Oktober 1929 op die plaas Sleutelspoort.

Hierdie data is onomstootlik en gee die kronologiese orde van die hele beweging sedert 1926 tot die 26ste Oktober 1929.

Versending van Petiesie aan Ds. J.A. Hurter van George.

Op die 2de Desember 1929 het ek 'n brief opgestel, wat onteekend was deur M P. Henning en D.J. Biggs namens die Petisionarisse, aan Ds. Hurter. Ek gee hier 'n paar uittreksels van die brief:-

"Geagte en waarde Ds. Hurter,
 Deur omstandighede verhinderd kan ons nie 'n Deputasie naar Suid-Afrika stuur nie in verband met die inhoud van die hier nevensgaande Petiesie, en omdat ons U ken, en volle vertrouë in U stel vra ons U beleëfd en dringend om by al u veelsydige verpligtings en verantwoordelikhede ook nog hierdie saak op te neem tesame met Mar. Piet Grobler, Minister van Lande, en ons te verteenwoordig by die H. Ed. Regering. Al die desbetreffende stukke is hierin ingesluit. Geagte Ds. Hurter, die saak is nou / dood-ernstig; ons mense staar hier die armoed en die ellende in die gesig, en as ons nie hulp kry nie, as ons hier moet bly, kan slegs 'n wonderwerk die Afrikaners hier red van 'n totale ramp-geestelik, ekonomies en maatskappelik Die Kinders! Wat moet van ons kinders in die toekoms, onder sulke noodlottige omstandighede, word?! Ons meen dat die Repatriasie traps-gewyse sal moet plaasvind--lopende oor minstens twee jaar, sodat die mense die iets het om van die hand te sit dit kan doen sonder dwang en haas ten voordele van spekulateurs. (Die ander dele is nie hier van belang nie. F.C.)

Terwyl die Petiesie nou op pad naar Suid-Afrika was, en daar sou behandel word het Henning en Biggs nog meer briewe geakrywe, o.a. een aan Min. Grobler vier getikte velle papier waarvan dit uiters noodsaaklik is om 'n deel hiervan te voeg want dit handel oor 'n onderwerp wat seker onbekend is in Suid-Afrika en wat voortspruit direkt uit die Repatriasie, en ook gelei het tot 'n klagte gemaak deur die Argentynse Konsul, Dr. Linares, in Kaapstad aan sy Regering hier, en opgevolg werd deur 'n ondersoek waarmee ek persoonlik in aanraking gekom het. Lees die deel van die brief, Bylaag.. H. Sover as my bekend het daar geen antwoord op hierdie brief dd 24 Jan. 1930 van Grobler gekom nie--miskien het Henning of Biggs dit.

Nog nie tevrede met hierdie brief nie het hulle, Henning en Biggs, weer op die 4de Maart 1930 my gevra om 'n ander brief, aan Grobler te rig, en dit was hier die ^{brief} wat die Kerke in Suid-Afrika ingetrek het in die Repatriasiebeweging. Op blads. 74 van Ds. v. H. se brosjure word 'n gedeelte van die brief, tussen aanhalings tekend gepubliseer, maar veranderd! Sien hierby Bylaag J. Die briewe het tog alles niks gehelp nie, ook nie die Petiesie nie, want Sy Hoog Edele P. G. W. Grobler, Minister van Lande, het alreeds op die 22ste Januarie 1930 sy "pouslike bul" uitgevaardig--geen tegemoetkoming nie--in sy nie-amp-telike brief aan Biggs, en daarmee was die saak afgehandel (C.f. Bylaag G.) en selfs in sy brief dato 7 Julie 1930, in antwoord op die brief van 4 Maart '30 herhaal hy weer die besluit wat hy geneem het, 22/1/30 Bylaag K. Dit was Grobler, Grobler en weer Grobler---die Alpha en die Omega!!!!!!!

Ons het tot hiertoe onder behandeling gehad die beweging van hier deur die Afrikaners om hier weg te kom wat uitgeloop het op die mislukte poging om gerepatriëer te word naar die vaderland, hetsy deur die Hollandse Kerke hetsy deur die Unie Regering van Suid-Afrika! Wanneer ons nou oorgaan om die redes van mislukking te probeer ontrafel dan sal ons aanstonds vind 'n onverklaarbare, bittere, venynige en ongegronde

A N T I - R E P A T R I A S I E K A M P A N J I E

in beweging gebring van hier oor naar Suid-Afrika deur private persone en die Gereformeerde Kerk bygestaan deur Skurke en Rondlopers van die Calitz en Wilmers tiepe en selfs die Argentynse Regering--indirekt!
Laat ons nou eers met die Persone in aanraking kom.

C. A. Wilmers.

Hy was hier in die Kolonie, tussen Purto Visser en Com. Rivadavia, vir omtrent ses (6) maande gedurende 1926. Die Vice Britse Konsul hier, D. B. Roche, 'n Kaptein in die Wereld Oorlog, het Wilmers toe, op koste van die Engelse Regering gerepatriëer naar S.-Afrika--omdat Wilmers 'n soldaat was in die Wereld Oorlog volgens Roche se persoonlike mededeling aan my. Dit was of teen die einde van 1926 of begin van 1927, sodat Wilmers in S. Afrika was toe die Repatriasiebeweging in die werking was hier, want hy het volgens sy eië brief, in April '31 vertrek van daar hierheen waar hy nie aangekom het vóór Junie nie. Hy was in aanraking en onderhandelinge met Dr. Biroy in Bs. As. (C.f. sy brief. Bylaag N) Hy het reeds in die Kaap al begin met die Argentynse Konsul en die gevolg was 'n Konsulêre Minute deur die Konsul, Dr. Linares, aan sy Regering hier en daarop het gevolg die ondersoek hier in die Kolonie deur die Kom. van die Polies. (C.f. Bylaag L) Ons weet dat die amptelik die mense hier gladnie haastig is nie en dit was nie voor 1932 dat hier navraag ingestel werd nie omtrent die "Wilmers-stories" en toe het die meneer ook skielik verdwyn van die olie-myne. Om tot 'n goeie begrip te kom van die gruwelike leuens van Wilmers en Calitz is dit nodig om die twee publikasies van hulle met mekaar te vergelyk--die een lieg teen die ander.

Om kortweg te gaan:- Wilmers, soos ons hom hier leer ken het, is 'n nietsbeduidende Rondloper en Leuënaar!

E. J. Calitz.

Hier opgedaag met die storie dat hy 'n skipbreukling was en dat sy geld, en ook papiere in verband met 'n erfporsie wat hy moes kry, in die slag gebly / het. Maar hy was "Wol-expert" en kom feitlik om ondervinding^{ding} op te doen in verband daarmee--en daarby het dit gebly. Die vent is waarlik nie werd dat 'n mens 'n minuut oor hom spandeer nie. Ek wil dus slegs melding maak daarvan dat hy hier weg is en baie skuld agter gelaat het.

Hy geniet ook die benydenswaardige(?) uitsondering dat ^{hy} die enigste Afrikaner is die hier in die strate van Com. Rivadavia opgepak was vir "straat moleste" en in die tronk gestop was. Dit het ontstaan deur dat hy nie sy losies betaal het nie. Ds. Wasserfall en Diaken P. Vorste^r het sy boete betaal en wag vandag nog vir terug betaling, sover as die rapport gaan. Hy het toe hier verdwyn en later het Ds. Wasserfall ons geskrywe dat die "wol-expert" in die Kaap Kolo-

nie weer sy verskyning gemaak het en hy was nog maar "wol-beséte" of die expert toe al aangeland het word nie vermeld nie. Egter, die "wol-expert" het tog nog daarin geslaag om 'n seker Dominé van ons Kerk te verarm met 'n lening van £7st(?) daar baby Villiersdorp éwers ook op grond van die "wol kwalifikasies" opgedaan in die Boere Kolonie en in ander dele van S.-Amerika. En, helaas! Die Burger, die liewe suiwere Burger, gaan en publiseer daardie gruwelike en goddelose laster teen ons mense hier op die woord van daardie ellendeling-dis om 'n mens te laat walg! Lees nou maar die... Bylaë L.M.enN. Maar, soos ek in my notas aan die Inspekteur Roberts geskrywe het:-

"It is simply and a verification of the universal Rule of Life as so clearly stated by Christ in the Gospel of Matthew, cap. 18, vers 7. We cannot always avoid it, much less prevent it, because it is an evil seed in some human ~~man~~ characters."

Maar in hierdié geval van die Repatriasie, was die optreding van baie mense 'n gruwelike en goddelose onreg bewése aan die Afrikaners hier!!

In verband met die voorgaande besonderhede aangaande Wilmers het daar 'n paar feite my geheue ontglip. In sy brief aan Dr. Bioy, Onder-Sekretaris van Buitelandse Sake, en gedateerd 29ste Augustus 1931 het hy 'n volledige verslag gegee van hoe dat J.F. Behr sy kinders, in die vroeë daë van die Neder-setting hier, ~~xx~~ gestuur het naar die Roomse Skool in Rio Negro, (ek meen dit was in Viedma) waar al Behr se kinders hul opvoeding geniet het, en waar een van hulle, de Wet, ook Priester geword het. Alles was haarfyn uiteen gesit en Wilmers het al dié besonderhede van niemand anders gekry nie dan van ou Joe Behr, en ek meen dat ek volkome geregtig was wanneer ek gesê het dat die famielie Behr die opstekers was van Wilmers. Daar is nog meer in verband met hierdié punt. Die Minute van Onderzoek rakende die Onderwys kwessie wat Mnr. Roberts in 1933 eers hier mee gekom het was in die eerste instansie gestuur naar Viedma, waar Behr se kinders in die skool was. Daarvandaan is dit naar Formosa gestuur waar Roberts destyds was; toe terug weer naar Buenos Aires en toe naar Rawson, Chubut, waar dit 'n jaar gelê het. Dit toon dadelik die rede waarom die Minute van 17 Desember 1931 (Bylaag L) nie vóór Junie 1933 hier behandel werd nie.

Nog meer, hoe moet 'n mens die onkunde van die Departement van Onderwys verstaan daar hulle die Onderzoek oor die Onderwys van die Afrikaner-kindere gaan soek in Rio Negro!? Dit toon dadelik aan die feit dat dié Departement nie eers geweet het waar die Boere was nie! Die eerste onderhoud wat die Voorsitter van die C.N.O. Raad (M.G.G. Visser) en ek met die Inspekteur had was op die 6de Junie 1933. Die verslag aan Roberts (Bylaag C.) is gedateerd 31. Augustus 1933, en die laaste brief van Wilmers aan die Engels Nuusblad in Johannesburg, 18 Maart 1933 het ons hier bereik (deur tussenkoms van die Behr famielie) vóór die 30ste Junie 1933. Wanneer ons nou al hierdié feite bymekaar voeg en rangskik kan die hele knoeiëry beter verstaan word, en sal die oorsprong van die "Wilmers-gemors" ook nie meer verhoë bly nie! Om dit maar te sê, sonder "doekies omdraai" dit kom my voor as 'n verset deur Rooms-Katolieke hier teen die Neder. Geref. Kerk, daarom sê Wilmers in sy brief aan Bioy dat dit die Neder. Geref. Kerk in Suid-Afrika is wat die mense hier vandaan wil repatriëer en omdat daar geen rede aan die Unie Regering kan gegee word nie val die Kerk die Argentynse Regering aan. Q.E.D.

Die twee gemelde persone was nie inwoners van hierdie Kolonie en het dus sonder gesag of ondervinding gepraat en geskrywe, maar ons sal nou sien wie die teenstanders was binne ons geledere--daar was drie persone die baie venynig en bitter was teen die Repatriasiebeweging, n.l. J.A. Stegmann, Ouderling van die Ned. Ger. Kerk hier; M.D.J. Venter, Ouderling van die Geref. Kerk, en Jacobus (Koot) Eloff, Geref. Kerk, en naby familie van P.G.W. Grobler--hierdie drie here sal ons nou mee naderby kennis maak in die "Repatriasie Drama"

J. A. Stegmann.

Volgens Pieter Henning was Stegmann nie teen die Repatriasie van die begin af nie, maar, sifer ek my kan herinner het hy gedraai toe die Petiesie opgetrek was op Sleutelspoort, en van toe af het daardie man niks te erg of te gemeen beskou om die beweging te beveg nie. Sy beskuldigings was dat die / mense hier afteruit gegaan het omdat:--"Maklik krediet; Dronkenskap en Motor-karre" hulle in die armoed gedompel het. Volgens Ds. v. Huyssteen het Stegmann dit aan die Dominé ook meegedeel. Maar ek wil liewers praat van wat Stegmann teen my persoonlik gesê het en hy het hierdie redes ook aan my opgegee. Sy optr^eding was uiters verbitterd en daar was selfs dreigemente teen hom oor sy vyandige kampanjie. Hy en Koot Eloff was later die twee grootste kwaadstoker-ry-aanvoerders, en het alles in hul vermoë gedoen om die beweging op die rotse te stuur, selfs met briewe aan Eloff se ^{neef} P.G.W. Grobler, wat getuie bereid was om te besweer, omdat hulle teenwoordig was toe die ~~een~~ brief opgestel was en Stegmann en Eloff gesê het:--"Ons ~~sie~~ sal sien of daar iets sal van kom wanneer hierdie brief in Afrika kom". Die verbittering was treurig, sodat vriende van gister en eergister mekaar nie gegr^oet het nie.

Dit het my egter geluk om met Stegmann een aand in Eloff se Losieshuis 'n lang woordewisseling ^{te} ^{hê} gehad het--op tamelike vriendelike wyse. Daar was ses mans teenwoordig en ek het hom toe gevra:--"Maar, John, as ek wil teruggaan na^r Afrika watter reg het jy dan om my teen te werk?" Sy antwoord was:--"Ek het geen reg nie." "Nou, goed, waarom is jy dan gekant teen die ondersteuners van ~~die~~ die beweging?" Na 'n bietjie aarseling sê hy toe aan my:--"As die Boere almal hier weggaan wat moet ek dan hier maak?" Dit was dan sy rede dat hy so opstand gebied het, maar dit was selfsugtig en ek het dit reguit aan hom gesê. Later het hy weer gedraai en selfs 'n vergadering van die Voorstanders bygewoon. Maar die houding van

Koot Eloff

was 'n perd van 'n ander kleur--laat ons sien. Ná die ontvangs van die briewe van Minister Grobler deur Biggs, Henning en M. Eloff het Koot Eloff teruggek^oom van Afrika, ek is nie seker of dit in '28 of '29 was, egter op die 25ste Oktober 1929 is ek positief was hy hier. Vóór hierdie datum het hy aan my in my huis vertel hoe dat die voormanne met hom gepraat het om ons mense hier aan te moedig om terug te keer na^r S.-Afrika. Ek haal nou aan uit aantekeninge deur my gemaak, n.l. dit:-- "Voor my vertrek het ek met Piet Grobler en Generaal Kemp 'n gesprek gehad. Die een het aan my linkerkant en die ander aan my regterkant gesit en aan my gesê--'Sê aan ons mense/hulle moet terugkom, ons wil hulle graag hier hê en sal hulle help so ver as ons kan'. Dit was byna gelyktydig met die Angola-Boere se Repatriasie en dit alles het die mense

hier, onwillekeurig, hul hoop laat vestig op die Unie Regering van S. Afrika. Eloff was by die einde van '29 klaar om binnekort weer terug te gaan ^{naar} Afrika, en in 'n gesprek met my het hy eendag aan my gesê, toe ons gepraat het oor die wenslikheid om 'n Deputasie te stuur naar die Unie Regering, dat hy sal aanneem om die Deputaat te wees om met Grobler, as Minister van Lande, te onderhandel namens ons mense hier, maar dan moet ons sy reiskoste terug betaal, en hy het daarby gevoeg dat ek weet dat hy invloed sal hê by Grobler. Met die laaste het ek dadelik ingestem omdat ek wel geweet het die noue famielie verwantskap wat daar tussen die Eloffs en die Groblers van die Transvaal bestaan. Wat die reiskoste betref het ek hom daarop attent gemaak dat hy in enig geval teruggaan, feitlik sy planne al klaar had en dat dit my voorkom dat dit twyfelagtig is of die mense hier sal instem om onder dié omstandighede sy reiskoste ^{te} betaal, en daarby gevoeg dat ek niks daarmee te doen had nie maar ek sal hom raai om eers met Henning en Biggs te praat. Wat toe gebeur het weet ek nie, slegs dit:— 1. Henning het aan my gesê dat baie van die ondertekenaars kortweg geweiër het om iets met Eloff te doen te hê, en as hy die Deputaat moet wees dan moet hul name geskrap word; geen redes is aan my genoem nie. 2. Die beskuldigings teen Eloff dat hy nou gedraai het en saam met Stegmann en anderes briewe skrywe naar Afrika teen die Repatriasie. Dat Eloff in korrespondensie was met Grobler het ek nie die minste twyfel aan nie want selfs in Mei 1930, kort voor sy bertrek weet ek dat Eloff 'n brief van Grobler ontvang het van ongunstige inhoud. Ons moet nie vergeet nie dat hierdie dinge hul verskyning gemaak het voor daar 'n antwoord was van die Unie Regering. Dit was 'n egte warrelboel van opstokery, harde woorde en dreigemente, en daarin was begrepe

M. David, J. Venter.

In 'n brief aan Die Kerkbode dd Feb. 1932, en wat verskyn het in Die Kerkbode 18 Mei 1932, het ek toe 'n paar hase opgejaag, die een was Ds. v. Huissteen en die ander was Oom Dawie Venter. Laasgemelde het ek beskuldig dat hy briewe naar Afrika geskrywe teen die Repatriasie. Toe was die vet in die vuur. Ek het gehandel op informasie van Mr. P. Henning die vandag nog daarby volhou dat hy dié mededéling ontvang het van Kerkraadslede van hul Kerk, en hy het toestemming gegee dat ek dit aan Ds. Sonneveldt kon sê, omdat Ds. S. David Venter gehelp om ^{my} te weerspreek. Selfs 'n paar ^{daer} gelede het 'n vriend aan my gesê (ek glo hom as of ek dit persoonlik gehoor het) dat David Venter in sy teenwoordigheid gese ^{het} dat hy gaan skrywe naar Afrika om te sê dat die mense, die hier wil weg, bestaan uit die "luijaards, dronkaards en die hul geld verkwis het met aankoop van motorkarre". Die bewering was dat die brief ondertekend was deur M. D. J. Venter en 'n paar ander persone aan Ds. Postma. Dié kwessie is vandag nog nie opgeklaar nie, en die opinie is nog hier dat M. D. J. Venter wel deeg-lik 'n hand daarin had—maar dié beskuldiging ontstaan uitsluitlik by lede van die Gereformeerde Kerk. Daar is 'n ander fase waarin die.....

Gereformeerde Kerk hier, en in Suid-Afrika

'n hand geneem het in die Anti-Repatriasie Kampanjie. Die man die al die lig op hierdie punt kon gegee het lê vandag in die moederskoot van die aarde—n.l. wyle Prof. J. A. du Plessis van P. C. Stroom. Een feit is onweerlegbaar n.l. dat van hier briewe gestuur is aan Die Kerkblad, of Prof. du Plessis waarin melding

melding gemaak werd:—"Dat dit die Neder.Geref.Kerk is wat die mense hier wil wegneem omdat Ds.Wasserfall se bearbeiding 'n mislukking was" en dat" dit met die Afrikaners hier goed gaan" Vergelyk Die Kerkblad van 17.Junie 1931 bladsy 130, waar volle besonderhede sal gevind word, en wat dit onmoonlik sal maak vir enige ontkenning, en wat beantwoord is deur H.en B.c.f. Bylaag O.

In antwoord op bo-gemelde beskuldigings het ek toe gereageer in my brief van die 18de Mei 1932 (supra) en onder baie andere redes het ek die volgende aan die hand gegee:—"Onwaardiger en valser bewering kon nooit die lig gesien het nie. Die Ned.Ger.Kerk wil die mense hier weg neem? Laat ons dan die taak aanvaar nou dat dit op ons skouers met onwaarheid en leuenagtige beskimpings geforseer is. Dit sal die N.G.K. ongeveer 50% goedkoper uitkom deur slegs sy eie lede van hier weg te help..... Skuiwe alle sentiment op sy-maak ons eie huis in orde! Red ons eie mense! Ons is daartoe geforseer deur die Gereformeerde Kerkmanne, laat hulle rekening hou met hul lede. Ons kannie alleen al die onkoste dra nie; die getalle is byna ewe groot, en die Gereformeerde Kerk het dus hyna net so veel belang en veranywoordelikheid as die Neder.Ger.Kerk. Waarom sal ons Kerk alleen al die onkoste dra? Dis die plig van die Ned.Ger.Kerk om die sienswyse en die gevoelens van die Gereformeerde Kerkmanne tenminste te respekteer en hul mense hier ongehinderd te laat waar hulle te vrede en gelukkig is! Dit is 'n meet-kundige Q.E.D." Soos reeds opgemerk het ek hiermee twee Dominés en die heer David Venter op myself gelos-en tog het die feite onveranderd gebly!

In dieselfde brief (18.5.32) het ek probeer om aan te toon die drie Stadia waardeur die Repatriasiebeweging gegaan het, d.w.s. die

Eerste Stadium

waarin die ~~die~~ beweging uitsluitlik 'n politeke was-tussen die Afrikaners hier, die wou weg, en die Unie Regering van S.-Afrika; toe kom die

Tweede Stadium

waarin die Hollandse Kerke in S.-Afrika ingetrek werd deur die omsending van die brieg van 4de Maart 1930 (Henning en Biggs) deur Min.Grobler. Let wel--- die Kerke in Suid-Afrika was toe in die saak ingetrek maar nie die Kerke / hier in Chubut nie. Deur die valse beskuldiging van Die Kerkblad kom toe

die Derde Stadium

toe die Gereformeerde Kerk hier en in Suid-Afrika eenvoudig opsy gaan staan het met die ~~ewe~~ bewering dat hul lede hier tevrede en wel-af is en nie wil trek nie---EN met die Gereformeerde Kerk het Min.P.G.W.Grobler saam opsy gestaan en was gekant teen enige te gemoet-koming, buite en behalwe die voorregte wat deur die Immigrasie Wet bepaal word!

Wanneer ek nou so vér gaan om die Gereformeerde Kerk openlik te beskuldig dat dié Kerk die hoof oorsaak is van die mislukte Repatriasie, en dat P.G.W.Grobler (ook Gereformeerd) hom volhartig verénig met sy Kerk dan het ek tenminste goeie grond en redes daarvoor. Die lëers van die Kerkblad (P.C.Stroom) met die desbetreffende / briewe sal nogal baie interessant wees--as 'n mens dit net kon bekom. Die tyd laat my nie toe nie anders sou ek die korrespondensie hierby gevoeg het waaroor ek kontrol het, maar dit kan nog kom en wel later wanneer die tyd daarvoor ryp is.

Toe die Kerke ingetrek is in die Repatriasiebeweging is daar die Statistiek Vorms deur Ds. Wasserfall opgemaak; dit was ongeveer in Januarie 1931 en dié Vorms was nie ingelewer nie voor Ds. Wasserfall se aankoms in die Kaap net op dieselfde dag toe die Deputasie van die Neder.Geref.Kerk die onderhoud had met Generaal Hertzog en "ons vriend P.G.W.Grobler die hom aangesluit het by Ds. Postma, die enigste verteenwoordiger van die Geref.Kerk. Sover as Grobler betrokke was, was dit 'n onnodige onderhoud want hy had toe al meer dan 'n jaar tevore vasbesluit-sy semi-amptelike brief van 22 Januarie 1930 aan D.J. Biggs. Dieselfde besluit word naar verwys in sy brief van 7 Julie 1930, en dit is ONMOONTLIK om uit dit te aanvaar dat die Kabinet van die Unie Rege-ring ooit oor die Petisie beraadslaag het--die Aandoek om gerepatriëer te word was uitsluitelik aan die genadige beskouings en willekeur van Mnr Piet Grobler oorhandig en teen gewerk deur die Dopper-Kerk! Laat dié feit tog eenmaal posvat by ons mense dan sal hulle weet wie beslis het oor hulle ^{hul} en lot.

Maar die Anti-Kampanjie duur nog voort in Suid-Afrika en om aan te toon wat daar nog gese is in Februarie 1935 heg ek hieraanBylaag P waarin ek reageer het op 'n rapport wat verskyn in "Die Vaderland" van die 19de Februarie '35. Hieruit sal blyk dat selfs op politieke vergaderings om Dr. Malan en sy Party te beveg die arme Boere in Argentinië ook nie belastering vryspring nie. En dit is nou die Regering en klas Afrikaners die preek

van 'n BLANK SUID-AFRIKA, AFRIKANERDOM, NASJETROES,

maar wanneer hulle die kans het om die Blank Suid-Afrikane te versterk / en die Afrikanerdom te bewaar waardeur die Nasietrots dan opgebou word..... lees ons hul "méné, méné, tékol" en die toekoms sal die nageslagte moet leer of inplaas van 'n Darius dit die Bantu-en Gekêurderas ~~van~~ sal wees wat die "Upharsin" moet aanvul.

Dit bring my nou tot die behandeling van

Ds. van Hugssteen se Brosjüre

en ek sal kort wees in my verdediging teen die Dominé se smalende opmerkings waarin hy my feitlik tot Leuënaar gemaak het. Dit epyt my werklik dat ek dit moet doen maar ek is dit aan myself verskuldig.

1. Wat die Dominé se op bladsy 75 onder "die deurslag" het ek reeds bewys dat hy hopeloos deurmekaar was met die syfers, n.l. dat dat 27 famielies naar Kanada wou verhuis.

2. Op bladsy 76 se hy:- "Dit is dus 'n verkeerde voorstelling wat 'n seker skrywer uit Chubut in Die Kerkbode van 18 Mei 1932 gegee het.. " en dan maak hy melding van Grobler se briewe en voeg daarby-"Die kar word hier ~~nie~~ voor die perd gespan ens." Hy se hy weet persoonlik van die briewe en nou vra ek aan die Dominé "By wie het U die brief dd 7 Maart 1927 deur Grobler aan M.Eloff gesien, daar ek die brief in my besit had"? Dit is onwaar dat die representasies in die eerste plaas van hier gekom het! Ek is noodgedwonge om die bewering van die Dominé te ontken en ek word gerugsteun deur die FEITE wat uiteengesit is in hierdié werk.

3. Wat die Dominé se op bladsy 78 omtrent die Angola-Repatriasie (nie die Angola-Trek nie, dit is al meer dan 50 jaar verby!) is ook nie presies die waarheid nie--hy is onbekend met die feite.

4. Op bladsy 90 en 91 val hy my weer aan waar ~~hy~~ hy se:—"En ons mag ook "nie handel op die wanhoopsuggestie ~~van~~ soos deur 'n skrywer uit Argentinië in Die Kerkbode van 18 Maart 1932 aan die hand gegee!..... en dan op bladsy 91:—"Ons hart moet uitgaan tot almal of niemand"(die kursivering is van die Dominé).

Nou, albei die briewe deur die Dominé aangehaald was deur my geskrywe en my naam het daar verskyn maar Ds. van Huissteen maak as of ek nou 'n soort van 'n "Indiese Untouchable" is en dit kan by hom nie verder kom nie dan " 'n seker skrywer uit Chubut" en "deur ~~van~~ soos 'n skrywer uit Argentinië" Hy skrywe uit die hoogte van waar hy hom nie wou verneder nie deur selfs my naam te noem! Dit is 'n uiters aanstootlike manier waarop hy te werk gegaan het—in Die Kerkbode en in sy Brochure publiseer dat wat ek geskrywe het nie die waarheid was nie, en ek laak dit—die smalende en oorheersende toon van hom—dit het meer kwaad dan goed gedoen. Maar hy se:—"Almal of niemand" Wel, Ds. van Huissteen het uitstekend daarin geslaag om 'n negatiewe én 'n positiewe resultaat te bereik te bereik—hy het niemand hier weggekry nie en hy het almal nog hier!

Wat nou omtrent die algemene bewerings van die Dominé?

5. Op bladsy 20 se hy:—"Die petroleumkoors het natuurlik ook ons mense beetgepak presies soos die goud-en die diamantkoors ens" en dan beweer hy dat sommige van ons mense om daardie rede gespekuleer het met hul ~~grond~~ Dit hou geen steek nie want die feit dat daar olie op 'n plaas was het die eienaar of bewoner geen voordeel besorg nie--dit was die eiendom van die Regering. Nog meer. Toe Piet Visser, Rooi Tom Vorster en daardie mense hul grond verkoop het, het "Olie" daar niks mee te doen gehad nie, en tot dusver is daar nog geen oliemyne op daardie plase ontdek nie. (En laat my hier nou kortweg se dat die spekulasiagees met vas te eiendomme hier 'n begin aan gegee is deur niemand anders dan C.J.N. Visser, die aanvoerder van die twee Trekke, en hy was moreel verplig om die belange van die Immigrante te beskerm in plaas van te benadeel, deur daad en voorbeeld. Meeste van die onheile wat op die Boere hier afgestorm het kon Mnr. Visser tenminste verhelp en ook verhoed het--maar hy het net gesorg vir die "Ego")

6. Op bls. 22 se hy die olie was ontdek in 1909. Hy is twee jaar te laat. Op bls. 32, dat Ds. Jacobs hier die geestelike bearbeiding waargeneem het van 1906 tot 1910. Die datums is—14 Februarie 1907--15 Oktober 1910--

7. Onderwys. Hier is die Dominé eers verward in die data en syfers.

a. Op bls. 64 et seq. Hy noem net van der Walt en Verwey. Wat is die feite? Mnr Melville het hier lank by Boere huisgesinne onderwys gegee aan die kinders.

Vir byna twee jaar het ek en Mevr. Conradie 'n tamelike groot skool gehad by Mnr du Pléssis en ook by Mnr. v.d. Walt waar die getal kinders nooit onder 15 was nie—en dit was selfs beter dan die C.N.O. Skole wat die bywoning betref. Dié skool was gesluit op 'n aanklagte van 'n Afrikaner dat dit te naby die Gowerment Skool op Voorspoed was! Gesluit deur die Poliesie, op order van Rawson!!!!

b. Bls.65. "In die ganse Boere-Kolonie is nog nooit een enkele skool van regeringsweë gestig nie" Is dit nou te verwonder dat die Argentynse Regering sy mes in ons en in die Neder.Geref.Kerk het wanneer 'n vooraanstaande Predikant van ons Kerk sóiets publiseer? Die Arg.Regering het in 1906 of 1907 (die juiste datum is my onbekend maar dit was vóór Februarie 1908) C.J.N.Visser se ou woonhuis met 'n paar hektare gekoop vir \$6000.00m/n(?) en 'n gekwalifiseerde onderwyser daar geplaas. Die skool is later gesluit vir redes elders in hier die werk genoem. Toe Ds. Sonneveldt 'n skool gestig het in Salamanca op die plaas van Ben Myburgh was daar ook 'n Spaanse onderwyser-op/watter voorwaardes weet ek nie-die poging was ook 'n mislukking. Ds. v. Huyssteen het in die gebou diens gehou sover as ek weet. Kommentaar?

c. Die syfers en data in verband met Mevr. Wasserfall en Mejuf. Visser is ook hopeloos. Wat is die feite?

Mevr. Wasserfall. Van September 1928 tot Mei 1930. Dit is 1 jaar, 9 maande.

Mejuf. Visser. Van Okt. 1929 tot Mei 1933. Dit is 3 jaar 8 maande.

Die gemiddelde bywoning per maand was: - Com. Rivadavia, van 1928 tot 1933

14.52. Brakpan, van Mei 1929 tot Februarie 1932 was 16.3.

Die enigste van die skole wat betaal het en die onkoste gedek het met 'n surplus was die Com. Rivadavia Skool. Brakpan het nooit die onkoste opgebring nie, en die Sierra Victoria Skool was in ieder opsig vir die N.G.Kerk 'n volslaë mislukking-veral finansiëel.

Nou ja! Ek dink dat Ds. v. Huyssteen en ek wederkerig vergifnis verskuldig is. Myne het hy, onvoorwaardelik, met die vriendelike raad om nie so oorheersend en outokraties soms op te tree teenoor ander nie, dis nie mooi nie en verwek net weersin-niks anders nie.

Angola-Boere en Argentynse-Boere

Sover as ek briewe, dokumente en argiewe kon kontroleer het ek probeer om aan te toon wat die Repatriasiebeweging op die rotse gestuur het, maar daar kan nog iets bygevoeg word.

Ons weet dat Min. Grobler Gereformeerd en Transvaler is. In verband hiermee kom nog die feite dat Angola-Boere nagenoeg almal aan die Gereformeerde kerk behoort en ook-weer nagenoeg-bestaan het uit Transvalers. Die konklusie is dus gebillik dat die twee feite hom grootliks beïnvloed het, en daarby sou dit baie interessant wees om uit te vind hoeveel famielie-betrekkinge Mnr. Piet Grobler onder die Angola-Boere het!

Baie van daardie mense kannie lees of skrywe nie; hulle, of tenminste sommige, konnie die Vorms vir Burgerskap inval of teken nie.

In "Die Vaderland" van 16/3/34 kom daar 'n rapport voor dat sommige van hulle weier om die naturalisasie-vorms te teken omdat hulle nog dink aan terugkeer naar Angola. Dis die mense wat Grobler die voorkeur gegee het, en geweier het om ons te help---Ons het baie aan P.G.W. Grobler te danke, baie!

Die sogenaamde Voormanne van die Argentynse Boere.

Die drie persone die hier as die voormanne moet beskou word is onweerlegbaar Louis Baumann, van Bloemfontein, C.J.N. Visser, die hoofaanvoerder van die twee Trekke en M.M. Venter mede-werker van Visser.

Nie een van hierdie drie manne het iets vir